**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 1.8 VOL. 55 PG. 2806 - 2851.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-03-26

**DIE STAAT teen:** **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL**
**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

55

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 55**

**(Bladsye 2806 - 2851)**

HOF HERVAT OP 26 MAART 1986.

MNR. JACOBS : Ek roep Eduard Hendrik Karel Matthysen.

HOF : Mnr. Jacobs, dit is nou drie minute voor twaalf. Ek dink u is dit aan die Hof en veral die publiek wat hier gesit en wag het 'n verduideliking verskuldig waarom die hof so laat begin.

MNR. JACOBS : Die getuies wat nou getuienis moet gee oor die begroting, het ons gister mee gekonsulteer en in die lig van sekere openbaringe wat van die verdediging se kant af is, was nuwe feite wat ek vir hulle gevra het waarop hulle my nie op daardie stadium kon geantwoord het nie en hulle moes gegaan het om dokumente te gaan trek by hulle kantore. Die mense moes afskrifte maak van die dokumente wat getrek word. Hulle het aan my gerapporteer hulle het tot 24h00 laasnag gewerk om dit te kry en vanoggend en hulle is daarso weg 'n ietsie voor 10h00 en hulle het nou-nou net gearriveer. Toe hulle arriveer het ek hulle ook dadelik hof toe gebring.

HOF : Ons het nou gister verdaag om 12h30 omdat u geen getuies gehad het nie. Dit is nou byna 12h00. Dus ons het vandag weer 'n hoeveelheid tyd gemors in hierdie saak. Ek wil dit op die hart druk dat die Hof hierdie saak baie ernstig opneem. U moet sorg dat die getuies beskikbaar is sodat die Hof nie sit en wag nie. Wie is die volgende getuie?

MNR. JACOBS : Eduard Hendrik Karel Matthysen.

EDUARD HENDRIK KAREL MATTHYSEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Matthysen, u is die stadstesourier van die Lekoa Stadsraad en u beklee hierdie pos sedert 1 Mei 1984? -- Dit is korrek.

Die nuwe Raad het begin funksioneer in Januarie 1984 in die Lekoa-gebied? -- Dit is korrek.

Vir die begroting van 1984/85 projekte wat op die begroting geplaas moet word en waarvoor begroot moet word, hoe

... / word

word dit by die tesourie ingehandig? Kan u vir ons verduidelik? -- Ja, ek kan vir u verduidelik. Die raadslede gaan na die publiek toe en hulle gaan gesels met die publiek en hulle stel dan, elke raadslid vir sy wyk, 'n kapitaalbegroting op. Met ander woorde, hy plaas alles wat die publiek vir hom vra, skryf hy neer en dan sodra die raadslede al die inligting by hulle mense gekry het, word dit neergeskryf en saamgevat in 'n konsep begroting, wat nie 'n amptelike dokument is nie. 'n Konsep begroting word daarna opgestel, wat dan bespreek word met die raadslede, waar al die dokumentasie dan net saamgevoeg is ...
(Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Kan ons net 'n bietjie duidelikheid oor hierdie konsep begroting kry wat op daardie stadium opgestel word. Is dit dan 'n begroting wat die normale uitgawes begroot voor? -- Nee, dan is dit net die kapitaalgedeelte wat weer bespreek word op 'n koukusvergadering waar die raadslede teenwoordig is.

So, die kapitaalbegroting is dan van al die projekte wat aangepak moet word? -- Dit is korrek.

Word daar dan ook uitgewerk wat die koste sal wees vir elkeen van die projekte? -- Op daardie stadium word die koste nie uitgewerk nie, omdat dit 'n geweldige lywige dokument is wat al daardie inligting bevat en eers nadat die koukusvergadering besluit het watter projekte word onmiddellik afgehaal word daar 'n konsep begroting opgestel waar die koste uitgewys word.

Nadat die raad dan op die koukusvergadering - wie besluit? Is dit die hele raad of net die koukus? -- Die koukusvergadering waar alle raadslede in elk geval welkom is - die volle raad word uitgenooi na die vergadering toe, waar hulle daardie koukusvergadering hou en daarna word die konsep begroting - hy word eers aan die uitvoerende komitee voorgelê en daarna aan

... / die

die volle raad.

In hierdie geval kan u onthou wanneer het die koukusvergadering gesit die eerste keer toe hulle afgeskaal het van die projekte? -- Op 5 Junie 1984 het die koukusvergadering van die uitvoerende komitee van die Stadsraad van Lekoa bymekaar gekom.

En wat het toe gebeur? -- Op daardie vergadering is aan die uitvoerende komitee uitgewys dat die kapitaal wat toe nog oorgebly het na die koukusvergadering R37 523 870 beloop of R20,04 per perseel per maand. Dit was net op die kapitaalgedeelte.

HOF : Sê u dan nou dat nadat daar oorspronklik 'n klomp projekte weggesny is, is daar by hierdie vergadering uitgewys dat die projekte wat oorbly R37 miljoen sal kos? -- Dit is korrek.

U praat nou nie van die lopende begroting nie, maar van nuwe projekte? -- Net van nuwe projekte.

En dit sou neerkom op R20,04 per perseel per maand? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Hierdie voorlopige begroting wat u daar uitgewerk het, is hy beskikbaar? -- Hy is beskikbaar as Bylae A.

Kan ons hom inhandig dan as ... -- Bylae A(3).

Is dit Bylae A(1) en (3)? -- Nee, A(3).

Ons gaan hom merk BEWYSSTUK AAT(1). Is hierdie begroting toe bespreek soos uiteengesit op AAT(1)? -- Hy is so bespreek.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry vir rekorddoeleindes, daar staan op AAT(1) "Konsep kapitaalbegroting - Draft Capital Budget Stadsraad van - Town Council of Lekoa 1984/85" bo-aan in die regterhoek "Annexure B". My assessor het "Annexure A".

MNR. JACOBS : Ek sien Bylae A(3) is met ink gemerk hier. -- Ek vra om verskoning dat dit so is. Soos netnou aan die Hof verduidelik is, het dit baie rof gegaan van gistermiddag af

... / en

en hierdie is die bylae - die bylae waar daar nou staan "Annexure B" is soos hy aan die raadslede voorgelê was saam met hulle ver--slag.

Watter een is nou die regte een? -- Die een waarop A(3) staan.

En "Annexure B"? -- Dit is korrek.

Hierdie konsep begroting, was dit toe bespreek deur die raad en wat het gebeur?

HOF : Dit help nie dat u net vir ons 'n dokument ingooi nie. Waar staan die R37 miljoen en waar staan die R20,04? -- As u na die heel laaste bladsy van daardie aanhangsel toe gaan sal u sien onder "Estimated Cost" daar is dit R37 523 870, wat die eerste kolom is en in die laaste kolom koste per standplaas R20,04.

MNR. JACOBS : In die res van die blaaie is daar kolomme waar items genoem word byvoorbeeld "Council and Committee" as ons na die heel eerste een kyk "Zone 11" en dan 1.1 "Air conditioner R2 500,00 income". Kan u net so vir ons verduidelik wat gaan aan met hierdie begroting? -- As ek dit vir u so mag verduidelik. Die item word gespesifiseer aan die linkerkant. Dit is die omskrywing van die item wat op die kapitaalbegroting verskyn. Die begrote koste van die spesifieke item is die tweede kolom. Die derde kolom is sy bron van finansiering ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Is dit waar daar staan "Estimated Cost"? -- Dit is korrek.

HOF : Nee, die derde kolom is "Financial Source"? -- Ja, dit is die derde item.

Die derde kolom. Die tweede kolom is "Estimated Cost." As hier staan XL beteken dit "X Loans"? -- Nee, dit is eksterne lenings "External Loans."

En waar daar staan "Income" is dit inkomste van interne

... / inkomste

inkomste, lopende inkomste? -- Dit is lopende inkomste, ja.

Is daar enige ander beskrywing onder "Financial Source" behalwe hierdie twee? -- Ja, u kry daar RF wat hernuwingsfondse aandui.

Waarvoor staan RF? -- Dit staan vir "Renewal Fund".

Wat beteken so iets? -- Dit is 'n fonds wat opgebou word veral by voertuie en die tipe van ding oor die lewensduur van die voertuig en sodra daardie voertuig vervang moet word dan is dit nie weer 'n kapitaal ... (Hof kom tussenbei)

Dit is 'n amortasiefonds? -- Dit is korrek.

Is daar nog ander beskrywings of is dit net hierdie drie? -- Dit sal net die drie wees.

Die vierde kolom gee dan "Period in years". Wat beteken dit as daar byvoorbeeld op 'n bladsy staan 20? -- Dit beteken dat die R6 000,00 deur 'n eksterne lening gefinansier sal word oor 'n periode van 20 jaar en die kolom net daarna dui die rentekoers aan waarteen hierdie lening opgeneem sal word. Die kolom daarna gee vir ons die werklike leningskoste wat per jaar as rente en delging moet afgaan teen daardie spesifieke projek.

Met ander woorde, as ons nou die R6 000,00 neem onder Sharpeville is dit 'n buite lening wat oor 20 jaar strek teen 'n rentekoers van 16% en jaarliks sal daarteen moet afgaan rente en delging van R1 006,00? -- Dit is korrek.

Dit is rente en delging? -- Dit is korrek.

Dan gee dit jou 'n koste van 0,01 per standplaas? -- Dit is korrek.

Ek begryp dit nou. Is daar iets anders in hierdie hele kapitaalbegroting wat verduidelik moet word, anders kan ons hom maar self lees? -- Nee, hy spreek eintlik vanself as jy die ontleding so het.

MNR. JACOBS : U handig dit dan in as BEWYSSTUK AAT(1)? -- Dit is korrek.

Nadat hierdie begroting bespreek is op hierdie vergadering, wat het gebeur? -- Daar was - toe hierdie begroting bespreek was, was daar behalwe hierdie kapitaalbegroting ook uitgewys dat daar 'n tekort van R5 285 424 op die lopende begroting was wat 'n verdere verhoging van R24,44 per perseel sou beteken. Hierdie syfer kan bevestig word op A(4).

HOF : Is dit regtig nodig, mnr. Jacobs, dat ons in die detail van die begroting van die stadsraad moet ingaan?

MNR. JACOBS : Dit is nie nodig nie. Ek het maar net gevra dat hy dit bring as daar miskien vrae kom, dat hy dit byderhand het.

HOF : Dan kan hy dit uithaal. Wat wil u nog verder op rekord plaas?

MNR. JACOBS : Wat het toe gebeur .... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ek net daardie laaste syfer van u kry? U het gesê daar is 'n tekort van R5 285 424 en dit gee ons 'n syfer van hoeveel per standplaas? -- R24,44.

Sou dit beteken dan dat benewens die gewone lopende huur wat sê nou maar R60,00 per standplaas beloop het om hierdie tekort uit te wis wat 'n jaarlikse tekort is? -- Dit is korrek.

Dat daar jaarliks R24,44 meer gehef sou moes word? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ek mag miskien net daar by vra, ten aansien van die beraming van R37 miljoen vir die projekte, het u vantevore gesê dat dit sou 'n bedrag van R20,04 per perseel beloop? -- Ek kan net daar verduidelik - jy moet werk op die leningskoste, wanneer jy gaan na die koste per perseel toe en nie op die totale begrote bedrag nie. Die begrote bedrag se leningskoste moet bepaal word en daardie leningskoste word

... / dan

dan gekanaliseer na die inwoner toe. Die leningskoste op die R37 miljoen sou veroorsaak het dat dit R20,04 moes wees.

Maar dit is ook jaarliks? R20,04 per jaar?

HOF : Maandeliks.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Of is dit per maand? -- Dit sou maandeliks wees om die volle koste te delg.

HOF : En die R24,44 sou ook per maand wees? -- Dit sou ook per maand wees.

Beteken dit dan dat as al die projekte wat voorgestel was deur sou gegaan het en julle julle boeke wou laat klop, uitgawes en inkomste, die huur verhoog sou moes gewees het met R44,48? -- Dit is heeltemal korrek.

MNR. JACOBS : Wat het die Raad toe besluit? -- Die Raad het geen besluit geneem op daardie stadium nie, behalwe dat hulle die konsep begroting met al die wysigings wat voorgestel is terugverwys het na die Departement van die Stadstesourier om verdere ondersoek te doen. U weet, om die wysigings aan te bring en dan weer 'n vergadering te reël met hulle, waar daar dan weer besluite geneem sou word.

Wat se wysigings? — Met die konsep begroting wat voorgelê was van R20,04 en die lopende begroting word dan onder oë geneem in 'n vergadering en elke puntjie word deurgewerk op daardie begroting.

HOF : Beteken die item vir item deurwerking afskaal van items? Met ander woorde, gooi u items weg, laat u items uit of beteken dit net dat u kontroleer of u korrek uitgewerk het? -- Dit gebeur dat daar items heeltemal afgehaal word van die kapitaalbegroting en dit gebeur ook dat bydraes tot fondse, soos instandhoudingsreserwefondse en daardie tipe fondse heeltemal verminder word, die bydrae wat tot die fonds gemaak word.

MNR. JACOBS : Nadat die Raad nou wysigings aangebring het

... / soos

soos u nou verduidelik het, wat het toe gebeur? -- Hulle het ʼn spesiale uitvoerende komitee vergadering belê ... (Hof kom tussenbei)

HOF: Net so ʼn bietjie. Ek het nie verstaan dat die Raad wysigings aangebring het nie. Ek het verstaan dat dit terug verwys is na die Departement van die Stadstesourier wat toe die ding weer deurgewerk het. Nou moet dit terugkom na die Raad toe?

MNR. JACOBS : Nou kom ... -- Ek vra om verskoning .

Kom ons vat dit, die Raad bespreek dit item vir item, soos u gesê het.

HOF : Nee, wag ʼn bietjie. Die Raad het nie daaroor besluit nie, dit is terugverwys na die Departement van die Stadstesourier wat dit weer deurgewerk het en dit dan weer voorlê. Wat het toe gebeur? -- Die Stadstesourier se Departement het toe al die wysigings wat voorgestel was deur die Raadslede aangebring en op 19 Junie 1984, dit was ʼn gewone uitvoerende komitee-vergadering en die raadslede het net gevoel omdat die begroting so ʼn belangrike saak is, wil hulle hom nie op ʼn algemene vergadering bespreek nie en hy is na ʼn spesiale vergadering verwys wat op 25 Junie 1984 gehou is.

Dit is nou ʼn spesiale raadsvergadering, nie ʼn uitvoerende komitee vergadering nie? -- Dit was ʼn spesiale uitvoerende komitee vergadering.

Spesiale uitvoerende komitee vergadering? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is daar toe ʼn konsep begroting ook weer, ʼn nuwe een voorgelê op hierdie vergadering? -- Ja, hy is voorgelê en hy is aangeheg as Bylae B(2).

Ek het net drie dokumente hier wat Bylae B(2) op geskryf is.

HOF : Is dit die finale of is daar later nog een waar dit verder afgeskaal is?

MNR. JACOBS : Ek dink dit is die laaste een.

HOF : Ja, goed.

MNR. JACOBS : Kan u net vir ons sê wat is hierdie dokument? -- Hierdie is nou die gesamentlike begroting wat kapitaal en lopende uitgawes vir die Stadsraad reflekteer.

HOF : Dit sal BEWYSSTUK AAT(2) wees. Heel bo-aan staan "Opgesomde inkomsterekening 1984/85 - Summarised Revenue account Stadsraad van Lekoa."

MNR. JACOBS : Is dit nou voor die spesiale uitvoerende komitee gehou?

HOF : Dit is nou lopende en kapitaal begroting? -- Dit is die lopende plus die kapitaal begroting.

MNR. JACOBS : Kan u dit net vir die Hof verduidelik? -- As ons net kyk na die heel eerste blaai. Dit gee eintlik 'n totale opsomming - tot op bladsy 4 is dit die totale opsomming van die kapitaal en inkomste begroting en u kan sien as u op die heel eerste blaai kyk waar die totale vervat is, die heel laaste kolom, daar gee dit vir ons 'n tekort op die begroting van R4 909 771,00 wat die kapitaal plus die lopende kostes bevat.

HOF : Is dit die heel laaste item? -- Die heel laaste item in die dubbele lyntjies.

Wat is die eerste syfer, 'n 4? -- Dit is 'n 4, ja.

En dan 'n 9? -- Dit is korrek.

Dit is amper R5 miljoen? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Verduidelik net vir ons die verskillende kolomme, waarvoor dit is? -- As ons kyk na die opsomming dan is hulle redelik duidelik gemerk. Die eerste kolom is vir salarisse, lone en toelaes en dan by elke stippellyntjie is die totaal van die spesifieke departement daarin vervat.

HOF : Is dit 'n inkomste rekening of is dit 'n uitgawe rekening?

... / Hierdie

-- Hierdie is die uitgawe rekening.

Waarom staan hier bo inkomste rekening? -- Die inkomste en die uitgawe word op hierdie opsomming weergegee en omdat ons gewoonlik die begroting - ons baseer die begroting op die werklike inkomste wat ons het en ons probeer altyd sover moontlik die betroting met die inkomste te laat klop.

Is die laaste kolom die inkomste kolom? Die tweede laaste kolom? -- Die tweede laaste kolom is die inkomste kolom.

En wat is die opskrif van die heel laaste kolom? -- Dit is surplus of tekort.

MNR. JACOBS : Net voor die inkomste kolom is daat "Expenditure", lyk dit vir my? -- Dit is heeltemal korrek.

Uitgawes. Dit is R39 miljoen en iets. Is dit reg? -- Dit is heeltemal reg.

HOF : Ek begryp dit nie heeltemal nie. Onder die item bestuurs-administrasie het ons geen inkomste nie, maar wel 'n uitgawe, maar onder die item raad en hoof-uitvoerende beampte het ons 'n inkomste sowel as 'n uitgawe. Hoekom is dit? -- Dit kan gebeur, want dit hang net af of die Raad in beginsel besluit het, sê hofboetes en die tipe van inkomste teen 'n spesifieke ...
(Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : U moet net stadiger praat. -- Die Raad bepaal 'n beleid waar hulle sê dat sekere inkomstes toegewys word aan sekere departemente. Alhoewel daardie departemente geen inkomste kan hê nie, soos die Departement van die Stadsekretaris as 'n voorbeeld. Dit is eintlik net 'n kwessie van toewysing.

HOF : So, dit is eintlik maar net 'n verskuiwing van syfers. 'n Mens moet kyk na die totale inkomste en die totale uitgawes? -- Dit is heeltemal korrek.

Is daar nog iets wat van belang is in die dokument?

MNR. JACOBS : Dan van bladsy 5 af, is dit dan die - wat is

... / dit

dit? -- Praat u nou van die "Summarised capital budget"?

Ja? -- Dit is net die verskillende fondse wat gebruik word. U kan sien daar is die "Renewal Fund". Met ander woorde, items wat in die kapitaalbegroting vervat is as "Renewal Fund" word hierso aangedui.

HOF : Word ook u buite lenings aangedui? -- Dit is korrek so.

MNR. JACOBS : Dit is ook net die samevatting hiervan? -- Dit is korrek.

Van bladsy 7 af word blykbaar gegee die inkomstes en uitgawes?

HOF : Is bladsy 6 blanko?

MNR. JACOBS : Dit is blanko by my ook. -- Dit is 'n blanko bladsy wat ons net ingesit het vir die verdeling. Net na bladsy 7 daar is die detail van die lopende begroting.

HOF : Die detail sal ons nie hier behandel nie, hoop ek, mnr. Jacobs. Wat is verder van belang in die dokument?

MNR. JACOBS : Is daarso enige van die nuwe projekte hier in? -- Die projekte wat die Raad toe besluit het om te doen is in die heel agterste gedeelte van die begroting vervat.

Kan u net vir ons sê van waar af dat ons dit net duidelik kry? -- Hy is by my gemerk bladsy 4.

HOF : Hier by my word 8 gevolg deur 'n 7, 'n 6, 'n 5, 'n 4, 'n 2 en 'n 1 en dan is daar weer 'n 8. Is dit soos julle begrotings is? -- Nee, ek vra om verskoning hiervoor. Dit is ongelukkig gisteraand onder geweldige druk gedurende die nag gedoen.

Kan u vir my 'n kopie gee wat reg is, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ongelukkig is almal so.

HOF : Dan moet u hulle maar laat regstel later. Watter bladsy moet ons nou na verwys?

MNR. JACOBS : Ek sien dit gaan tot 65 en dan lyk dit vir my na 66, ek weet nie of dit so is nie. -- Tot daar gaan die

... / inkomste

inkomste en uitgawe begroting.

Dit is op bladsy hoeveel? -- Dit sal 66 wees.

HCF : Gee vir ons net die hoofde. Die eerste hoof hier is Capital Budget Vehicles. Is dit by u ook so? -- Dit is korrek.

Moet dit so wees? -- Eintlik moet die vaste bates eerste kom.

Nou maar moet ons dan nie die ding regstel eerstens nie? Wat moet eerste kom? Waar vind ons hulle? -- Hy is nou ongelukkig 'n bietjie verder agter toe. In daardie spesifieke begroting sal u daar Capital Budget Fixed Assets sien.

Myne begin met 'n nommer 8? -- Dit is korrek.

Is dit waar 'n mens moet begin? -- Hy is ongelukkig verkeerd om gebind. Hy is van onder na bo gebind.

As ons dan begin by bladsy 1 van Capital Budget Fixed Assets, wat is daar aan die gang? -- Die Capital Budget volgens my is bladsy 5, die eerste bladsy wat betrekking het op hom.

Laat ons net by 1 begin. Is daar op bladsy 1 en volgende items wat nie projekte is wat die raadslede aangevra het nie? -- Nee, dit is alles projekte wat toe op die ou end goedgekeur is deur die Raad.

Waar daar staan op bladsy 1 Municipal Office Complex wat gebou moet word met 'n buite lening vir R1,4 miljoen, is dit 'n projek wat aangevra is? -- Dit is 'n projek wat aangevra is, maar die Raad het in hulle wysheid besluit om die item te verwyder om die perseelhuur van die mense te subsidieer en die gebou is nooit gebou nie.

Eintlik moet 'n mens dit seker anders om stel, om die tekort te verminder is dit verwyder van die begroting af? -- Ja.

Waar moet ek nou begin kyk? Op watter bladsy? Moet ons na al die items kyk? -- Nee, ek weet nie of dit nodig is om na al die items te kyk nie.

... / Moet

Moet ons kyk na "Venetian blinds for offices" mnr. Jacobs? Dit is op bladsy 2.

MNR. JACOBS : Nee. Wat het toe gebeur - laat ek dit net so kry. Is op hierdie vergadering, hierdie begrotingbespreking enige afplatting gedoen van hierdie items? -- Die enigste item wat hier weggeneem was, was daardie R1,4 miljoen van die gebou.

Watter van die nuwe projekte, volgens hierdie begroting is toe finaal goedgekeur en aanvaar hierso? -- Die hele begroting in totaliteit soos hy hier staan, behalwe die R1,4 miljoen.

Kan u vir ons sê watter projekte sou aangepak word dan volgens hierdie begroting? Nuwe projekte, nuwe kapitaalwerke wat daar in die gebied uitgevoer sou word?

HOF : Kan ons dit so stel. Is al die items onder "Description" vanaf bladsy 1 tot bladsy 8 van die begroting Capital Budget Fixed Assets - is dit alles nuwe dinge? -- Ja, dit is alles nuwe dinge. Ek wil net u aandag vestig op bladsy 3 van die "Fixed Assets". Die heel onderste lyntjie daar is daar sekere dinge, sekere dienste wat aangaan, wat in die vorige jaar 'n aanvang geneem het, maar aangaan in die nuwe jaar.

Dit is bladsy 3 item 5.7? -- Dit is korrek.

Met ander woorde, dit is gevalle waar u verbind was aan die bestaande kontrakte? -- Dit is korrek.

Wat oorloop? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Volgens hierdie begroting dan, wat was die belasting wat betaal sou word?

HOF : Belasting of huur?

MNR. JACOBS : Huurverhoging?

HOF : Laat ek eers 'n ding vra. Het u onderskeid getref tussen huur van wonings en dienste vir die wonings? Nie in u eie boeke nie, ek neem so aan, maar wanneer daar 'n heffing gemaak is van die inwoners? -- Ek kan net meld dat die huurgelde

... / nog

nog nooit verhoog is van die huise nie, omdat die huurgeld van 'n huis bepaal word - die huishuurgeld bestaan uit vier komponente. Dit is eerste die rente en delging op die lening om die huis op te rig, instandhouding teen 1,25% van die vervangingswaarde van die gebou, assuransie teen ,3% en dan 'n vierde element is 5c per huis wat bygedra word as 'n huurverliesreserwe.

Om dit te verduidelik, dit is seker 'n fonds wat opgebou word om voorsiening te maak vir daardie gevalle waar daar nie huur betaal word nie, sodat die totale begroting klop? -- Dit is so.

Hierdie vier items, is dit konstant? -- Hulle is konstant.

En hulle bly van jaar tot jaar dieselfde? -- Hulle bly van jaar tot jaar dieselfde.

Is dit om hierdie rede wat u sê die huurgeld van die huise is nooit verhoog nie? -- Dit is korrek.

Wat is dan 'n verdere komponent wat wel van tyd tot tyd verhoog is? -- Dit is die dienstegelde.

Ek wil net 'n verduideliking hê oor die vervangingswaarde. U instandhouding teen 1,25% van die vervangingswaarde van die gebou, is die vervangingswaarde konstant? -- Nee, die vervangingswaarde is nie konstant nie. Hy kan wissel, maar hy word nie jaarliks aangepas nie.

Maar wanneer word dit dan aangepas? -- Dit wil sê een keer in vyf jaar of wanneer daar gesien word dat die instandhouding van die huise meer kos as wat die inkomste is wat die Stadsraad ontvang.

As ek dit dan kan opsom, hierdie vier items bly konstant, behalwe dat die tweede item, die 1,25% na 'n verloop van tydperke verhoog word, soos nodig? -- Dit is korrek.

Omdat die vervangingswaarde van die gebou noodwendig moet

opgaan? -- Dit is korrek.

Maar oor 'n tydperk van een jaar na die volgende gaan die huur nie noodwendig op op hierdie basis nie? -- Dit is korrek.

Wat gaan dan op? -- Die enigste item wat styg is die dienstegelde wat die Munisipaliteit hef.

En wat verstaan u onder dienste? -- By ons is ingesluit by die huise wat verhuur word water, riool, vullisverwydering, gesondheidsdienste, creches en kleuterskole, welsyn van die gemeenskap.

Is dit nou klinieke? -- Klinieke ressorteer onder gesondheidsdienste, maar die ander algemene welsyn.

Is dit maatskaplike dienste? -- Dit is korrek.

Maatskaplike werkers en die soort ding? -- Dit is korrek.

Elektrisiteit en strate en stormwaterdreinering? -- Dit is heeltemal korrek.

Moet dit bykom? -- Dit moet almal bykom. Elektrisiteit wil ek net daar spesifiseer dat dit net vir die hoë mas beligting is en nie vir elektrisiteit van die huise nie.

Is al daardie goed in die begroting uiteengesit? -- Alles is in die begroting uiteengesit.

Het 'n mens dan hier twee komponente? Die een is dat inflasie die dienste duurder maak en die tweede is dat jy nuwe dienste skep? -- Dit is heeltemal korrek. Ek kan net meld dat die instandhouding ook 'n geweldige duur item word.

Dit is as gevolg van inflasie? -- Dit is as gevolg van inflasie.

MNR. JACOBS : Wat het toe gebeur op hierdie spesiale vergadering toe hierdie bewysstuk voorgelê is? -- Soos ek vroeër uitgewys het, is die dokument aanvaar, behalwe dat daar besluit was om R560 000,00, wat 'n oorskot was van die vorige finansiële jaar plus die R1,4 miljoen van die kantore, aan te wend

... / om

om die koste - om die tekort op die begroting te neutraliseer.

Wat was die besluit omtrent die huur? Wat sou die huurverhoging - ek noem dit huurverhoging, want blykbaar is dit op hierdie ander diensteverhoging - gewees het, voor aanwending van hierdie ander bedrag en daarna? -- Ek kan nie nou vir u die syfer gee .... (Hof kom tussenbei)

HOF : U moet nie praat van hierdie ander bedrag nie. Hier is baie syfers.

MNR. JACOBS : Die bedrag van die R1,4 miljoen en die R560 000,00? Wat verteenwoordig daardie bedrae? Kan ons dit dan net duidelik stel? -- Al wat ek in daardie geval kan sê is dat hierdie besluite wat daar na die Raad toe is, het verteenwoordig dat mense wat huise huur 'n verhoging moes betaal van R5,90 per maand vir die lopende plus die kapitaal begroting en die verkoopte huise sou R5,50 moes betaal omdat hulle aparte waterrekenings ontvang.

Wat het toe gebeur? -- Omdat daar so min wysigings op daardie begroting was, was daar toe nie 'n nuwe begroting opgestel nie, maar die verminderings is net vervat in 'n raadsbesluit.

En toe? -- Die besluite van daardie uitvoerende komitee is toe genotuleer en dit is toe op 'n spesiale uitvoerende komiteevergadering wat weer belê is bekragtig en aanbeveel na die Raad toe dat die begroting op daardie basis aanvaar moet word. Die volle Raad het 'n vergadering gehad op 29 Junie en daar het hulle die begroting plus die wysigings soos voorgestel en aanbeveel deur die uitvoerende komitee aanvaar. Volgens die regulasies van toepassing op die indiening van begrotings, het die Stadsraad toe advertensies laat plaas in elk van 'n Afrikaans en Engelstalige koerant, waarin gemeld is dat enige persoon skriftelike beswaar kan aanteken teen die

... / begroting

begroting. Volgens die regulasies moet alle klagtes wat ontvang was, al is dit dan net een, eers aan die Raad voorgelê word voordat daar voortgegaan kan word met die afkondiging in die Staatskoerant. Ek wil net meld dat daar geen skriftelike besware ontvang is nie.

Wanneer was dit gepubliseer, hierdie koerantkennisgewings? -- Ek is nie doodseker van die datum nie. Ek het hom ongelukkig nie hier by my nie.

Wie doen die publikasie? -- Die publikasie word gedoen deur die afdeling van die Stadsekretaris.

HOF : Het u 'n verwysing daarna by u? -- Nee, ek het nie.

U het nie die datum êrens in u dokumente nie? -- Ongelukkig nie in die dokumentasie wat ek by my het nie.

MNR. JACOBS : U sê geen besware hoegenaamd het ingekom nie? -- Dit is korrek. Geen skriftelike besware is ontvang nie.

Wat is die prosedure dan, wanneer tree hierdie verhoogde belasting in werking? Of die verhoogde huur, wanneer word dit van krag? -- Die verhoogde huur word eers van krag die dag wat volg op die maand waarin die afkondiging in die Staatskoerant gemaak is.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Is daar nie tussenin stappe van goedkeuring van die Minister of iets van die aard nie? -- Dit is heeltemal korrek. Sodra die besluite geneem is of die besware voorgelê is aan die Raad, of daar nou besware was of nie, moet hulle dan 'n besluit neem, met die goedkeuring van die Departement, dat die tariewe afgekondig word.

Laat ons dan die ding stap vir stap neem. Geen skriftelike besware is ontvang nie. Dan besluit die Raad dat dit afgekondig moet word? -- Dit is korrek.

As die Raad nou dit besluit het, wat gebeur dan? -- Dan gaan dit na die Departement van Samewerking en Ontwikkeling.

En wat doen hulle? -- Hulle gee die goedkeuring dat die tariewe aanvaar word.

Wat bekyk hulle? Bekyk hulle die detail van die begroting of bekyk hulle die eindresultaat dat die huur verhoog word of nie verhoog word nie? -- Daar word afskrifte van die begroting aan die Departement gestuur en die Departement werk dit deur saam met die voorstelle vir die verhogings.

In hierdie geval, het die Departement dit toe goedgekeur? -- Voordat die Departement dit kon goedkeur, het die onluste ontstaan.

Dit is wel deurgestuur na die Departement? -- Dit is so.

Dit kon nie in die Gazette gepubliseer word voordat die Departement dit goedgekeur het nie? -- Dit is onmoontlik.

Dus, dit is nooit afgekondig nie? -- Hy is nooit afgekondig nie.

Ek het nou die prentjie. Anders om gesien, kan die Departement op sy eie die huur verhoog? -- Nee.

Nie? -- Nee.

Is 'n huurverhoging iets wat noodwendig moet kom van die Stadsraad af? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Kan u vir die Hof sê, op 1 September, kon daar enige aftrekkings of betalings gewees het op die verhoogde huur? -- Nee.

HOF : Is daar nie aan die mense gesê dat die huur verhoog word vanaf 1 September nie? -- Omsendbriewe was opgestel wat versprei moes word na elke huis in die gebied.

MNR. JACOBS : Ek wil hê u moet net kyk, as u nou daarvan praat, na BEWYSSTUK AAQ19 (1) en (2). Dit is reeds ingehandig. Herken u daardie dokument? -- Ek herken dit.

Is dit die omsendbrief waarna u verwys? -- Dit is die omsendbrief waarna verwys word.

... / Ek

Ek wil net dat ons die ding 'n bietjie in sy logiese volgorde volg. Ek wil net vir u, voordat ons daarna terugkom, sekere vrae vra. Voordat hierdie omsendbrief uitgestuur was, was daar 'n Raadsbesluit gewees omtrent bekendmaking aan die inwoners van enige tentatiewe verhogings? -- Ja. Soos u kan sien die brief is gedateer 2 Augustus 1984. Die raadslede het egter versoek dat die brief nie versprei word voordat hulle die Sondag, 5 Augustus, met die mense self gesels het nie.

Wat het toe gebeur? -- Op 6 Augustus die oggend is daar begin met die verspreiding van hierdie briewe by elke huis.

Nie voor die tyd nie? -- Nee, dit is nie voor die tyd afgelewer nie, want soos ek gesê het, die raadslede wou eers met die mense gepraat het op 5 Augustus en hulle wou nie die dokument daar gehad het voor daardie tyd nie.

HOF : Op die stadium toe die stuk opgestel is, was die stukke toe al deur na die Departement toe? -- Die stukke was toe al op pad na die Departement toe.

Ek het nou nie my stukke nie, want u het dit. Is daar nie 'n datum vanaf wanneer die huur in werking tree nie? -- Daar is nie 'n spesifieke datum genoem nie, omdat, as ek vir u in Engels mag lees "It is anticipated that the above increase will be implemented from 1 September 1984."

Het u verwag dat u deur hierdie hele proses sou kon gaan, dit wil sê by die Departement en die afkondiging in die Staatskoerant voor 1 September? -- Dit was die verwagting omdat die Departement gesê het hulle sal alles in hulle vermoë doen om die afkondigings nie te vertraag nie.

Maar nou weet ons dat die onluste plaasgevind het op 3 September. Was die Departement nog nie klaar op daardie stadium nie? -- Dit is heeltemal korrek.

MNR. JACOBS : Daardie brief wat u nou gehad het, daar het twee

... / dokumente

dokumente voor u gelê, het dit as ŉ eenheid uitgegaan, die bylae en die brief? -- Dit het as ŉ eenheid uitgegaan.

HOF : Dit is nou AAQ19 (1) en AAQ19 (2).

MNR. JACOBS : Die memorandum daar op die agterkant van die brief, is daar ŉ tweede paragraaf "It must be mentioned that in view of the low economical climate in the country the Town Council of Lekoa has resolved to utilise an amount of R1,9 million of its accummulated funds to subsidise the stand rental in general." -- Dit is korrek.

Kan u dit net vir ons verduidelik? -- Daar was R1,4 miljoen wat voorsien was vir daardie gebou wat nie verhaal sou word van die mense nie. Dit was ŉ opgehoopte fonds wat die Raad gehad het. Daar was ook ŉ klein oorskot van die vorige finansiële jaar van R500 000,00, wat saam met die R1,4 miljoen gebruik is om die begroting te laat balanseer.

HOF : Is die posisie dan dit dat julle ŉ fonds gehad het om die Munisipale kantore te bou wat alreeds R1,4 miljoen sterk was en dat daar besluit is dat julle daardie fonds aanwend om die huur te subsidieer? -- Nee, dit was nie ŉ spesiale fonds wat opgebou was nie. Dit was eintlik ŉ bedrag wat ons deur die Ontwikkelingsraad ontvang het vir oorblywende dienste en wat die Departement opdrag gegee het sekere gedeeltes moet oorbetaal word aan die Swartstadsrade.

MNR. JACOBS : Kan u vir ons sê wat het daarna gebeur omtrent hierdie verhoging of tentatiewe verhoging na 3 September? -- Ja. Op 18 September 1984 het die Raad besluit dat hulle nie voortgaan met die publisering van die verhoogde tariewe nie, dat die begroting weer eens oorgedoen moet word deur die Tesourie Departement en dat kapitaal en lopende uitgawes gesny moet word tot so ŉ vlak dat dit nie nodig was vir enige verhoging nie. Die Raad het ook besluit op daardie

... / stadium

stadium dat die Departement gekontak moet word en dat opdrag gegee word dat daar nie voortgegaan word met die publisering van daardie begroting of die verhoogde tariewe nie. Op 16 Oktober 1984 is die begroting, daardie nuwe gewysigde begroting aan die uitvoerende komitee voorgelê. Die begroting was totaal ekonomies sonder dat daar enige tariefverhogings plaasgevind het.

En in die proses, wat het van projekte geword en verbeterings wat aangepak sou word volgens die vorige begrotings? — Die Raad het besluit dat die totale ontwikkelingstempo van die gebied dan maar 'n bietjie moet terugstaan, dat die projekte geskraap word, nie aangepak word nie. Daar is verder ook aan al die bydraes tot fondse, soos byvoorbeeld die stigting van 'n kapitaal ontwikkelingsfonds, al daardie fondse is geweldig gesny om hierdie begroting te laat balanseer. Die uitvoerende komitee van 16 Oktober 1964 het dan aanbeveel aan die Raad dat die begroting aan hulle voorgelê word. Op 23 Oktober 1984 is die gewysigde begroting deur die Raad aanvaar ondanks die feit dat dit aan hulle uitgewys is dat dit baie swak finansiële beleid is.

<u>HOF</u>: Wie het dit uitgewys? — Ek as tesourier het dit uitgewys.

Waarom sê u dit is swak? — My persoonlike gevoel was dat die onluste reeds verby was en dat daar voortgegaan moes word met die implementering van die R5,90 sodat die ontwikkeling in die gebied kan voortgaan. Die raadslede het egter gevoel dat hulle die skuld waaragter die oproermakers skuil moes verwyder en dit was die R5,90 en daarom het hulle voortgegaan met hulle besluit.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek wil u net een algemene vraag vra. As u nou

... / so

so 'n begroting soos hierdie van die begin af doen, word vergelykings getref met ander Swart Stadsrade om te sien hoe dat dit vergelyk? -- Dit was nie gedoen in daardie spesifieke jaar nie. 'n Mens kom maar later by sulke detail uit. In daardie spesifieke jaar was dit nie gedoen nie. Daar is egter na die onluste deur die Van der Walt Kommissie 'n komitee aangestel, naamlik die Hitchey/Matthee Kommissie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit twee persone? -- Twee persone. Ek kan net meld dat mnr. Hitchey die direkteur van plaaslike owerheid is en mnr. Pieter Matthee is 'n direkteur van finansies van die Johannesburg Munisipaliteit. Die komitee het toe die tariewe saam met die begrotings van die Lekoa Stadsraad ondersoek en die bevinding van die komitee was dat die mense in die Lekoa gebied nie swaarder belas word as persone in die res van die Republiek of van die Munisipaliteite wat hulle ondersoek het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K169 EDUARD HENDRIK KAREL MATTHYSEN, nog onder eed

MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT BESKULDIGDE NR. 9 TERUG IS IN DIE HOF.

ONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Matthysen, my Afrikaans is taamlik swak. Ek wil aan u 'n voorstel maak. Is u bereid om my vrae in Engels te antwoord, dan skakel ons die tolk uit en ons kan 'n bietjie vinniger gaan. As u bereid is om dit te doen? -- Ek is 'n bietjie lugtig om myself in Engels miskien te weerspreek. Ek sou verkies om in Afrikaans te antwoord.

Ek sal probeer om my bes te doen en dan kan ons sien hoe ons vorder. Wat is u beroep behalwe nou dat u werksaam is by die Raad? Wat was u beroep voorheen? -- Ek was voorheen van 1966 af in plaaslike owerhede tot in 1971 by die

... / Vanderijlpark

Vanderbijlpark Munisipaliteit. Daarna was ek by die Ontwikkelingsrade betrokke, Noord-Natalse Ontwikkelingsraad. Toe is ek Drakensberg Ontwikkelingsraad toe en toe is ek Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad toe. Daar was ek tweede in bevel van die oudit-afdeling alhoewel dit net vir 'n jaar was. Voor dit was ek altyd in die tesourie-afdeling werksaam.

HOF : Is u nou in diens van Lekoa Stadsraad? -- Ek is op die huidige stadium 'n gesekondeerde amptenaar aan die Lekoa Stadsraad.

MNR. BIZOS : Van wanneer af? -- Van 1 Mei 1984 af.

Voorheen was u 'n beampte van die Raad? -- Dit is reg.

Is daar enige verbintenis nou tussen u en die Raad van Mei 1984 af? -- Die enigste verbintenis tussen my en die Raad is dat ek 'n gesekondeerde amptenaar is.

HOF : Beteken dit dat u instruksies kry van die Ontwikkelingsraad of beteken dit dat hulle u salaris betaal of beteken dit net dat u tydelik in diens van die Lekoa Stadsraad is en dat u pensioenvoordele deurloop by die Ontwikkelingsraad? Wat presies beteken gesekondeer? -- Gesekondeer beteken net dat ek nie op die diensstaat van die Stadsraad aangestel is nie, maar op die diensstaat van die Ontwikkelingsraad. Ek kry hoegenaamd geen opdragte van die Ontwikkelingsraad nie.

MNR. BIZOS : U het vir die Raad gewerk vir hoe lank voor u deur die Stadsraad oorgeneem is?

HOF : As u praat van die Raad, is dit dit Ontwikkelingsraad?

MNR. BIZOS : Die Ontwikkelingsraad.

HOF : Nee, maar is drie Ontwikkelingsrade. Die laaste Ontwikkelingsraad is die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad.

MNR. BIZOS : Ek sal na dit as die Raad verwys en as ek van Lekoa praat, sal ek van die Stadsraad praat. Vir hoe lank het u vir die Raad gewerk? -- Van 1972 af werk ek vir die Raad.

... / Vir

Vir hoe lank in Lekoa? -- In 1981 het ek begin by Lekoa.

So, vir ongeveer drie jaar was u beskou deur die mense wat in die Lekoa gebied woon as 'n persoon wat aan die Raad behoort het? -- Ek sal sê dit is korrek.

Hoeveel werknemers van die Raad is oorgeplaas na die Stadsraad? -- As ons nou praat van Swartwerknemers, met ander woorde arbeiders en al die mense ingesluit of praat ons nou van mense in die tesourie-afdeling of in die administrasie-afdeling?

Net van mense?

HOF : Nou maak u dit 'n bietjie moeilik. Alle arbeiders ook?

MNR. BIZOS : Ja, al die mense wat van die Raad - wat vir die Raad gewerk het, wat vanaf 1984 vir die Stadsraad begin werk het? -- Ek wil net graag daar spesifiseer. Jy kry 'n gesekondeerde amptenaar wat oorgaan en dan kry jy mense wat oorgeplaas word volgens sekere artikels van die Wet. Ek weet nie hoe ek die vraag moet beantwoord nie.

HOF : Kom ons probeer onderskei tussen amptenare en dagloners. Kan u so 'n onderskeid maak en vir ons 'n idee gee van hoeveel amptenare het oorgegaan en is gesekondeer voordat ons by dagloners kom? -- Dit is onmoontlik vir my om 'n syfer te gee, wat miskien later in die saak deur ander getuies weerspreek kan word. Ek sal 'n uittreksel moet gaan maak van die spesifieke name van die mense wat oorgegaan het.

MNR. BIZOS : Laat ons in die tussentyd dit net in die algemeen neem. Gedurende Julie 1984 was mnr. Mahlatsi die burgemeester. -- Dit is korrek.

U werkgewer? -- Dit is korrek.

Ek sal u vra om na 'n uittreksel van die Star van 10 Julie 1984 te kyk en vir ons te sê of hierdie berig totu kennis gekom het kort nadat dit gepubliseer was. Omdat dit in Engels

..../ is

is, sal dit beter wees as ek dit lees. "One thousand five hundred workers transferred to staff of Lekoa Council. The Lekoa Town Council near Vereeniging has accepted the transfer of about one thousand five hundred Black and White employees from the Orange/Vaal Development Board. The Council has also agreed to carry the financial responsibility which will result from the transfer of the workers at the mayor of Lekoa, Mr (?) Mahlatsi. The Orange/Vaal Development Board last week announced that a total of seventeen thousand employees who had been on the Board's payroll would be transferred to the different councils falling under its jurisdiction. This includes councils in the Vaal Triangle, Kroonstad and Bethlehem. Announcing the Lekoa Town Council's acceptance of the transfer of the workers, Mr Mahlatsi said the new employees would not be a financial burden on the council which he said was on a sound financial footing."

COURT : "Monetary footing."

MR BIZOS : "Monetary footing. Referring to a recent council decision to increase house rents by an average of R6,00 Mr Mahlatsi said this was necessary because of the need to engage new staff since the change over from a community council to a town council. He said the council had to employ senior staff members, such as town clerk, engineers, technicians, professional people in the treasury Department. This is the only reason for the increase in council rented houses, said Mr Mahlatsi." Het hierdie berig tot u kennis gekom? — Ek dra geen kennis van hierdie spesifieke berig nie.

Maar as dit wel deur Mnr. Mahlatsi gesê was, sal u saamstem dat hy amper alles weerspreek wat u gesê het in verband met die rede waarom die huurgeld of die diensgeld verhoog is? Sal u saamstem dat die rede wat u gegee het weerspreek is?

... / Ek

-- Ek kan nie totaal met die ding saamstem nie. My rede waarom ek so sê, hulle noem hier 'n syfer van 17,000 werknemers wat oorgedra gaan word, terwyl die Ontwikkelingsraad nie oor sulke personeel beskik nie of beskik het nie.

HOF : Kan u net vir ons 'n orde grootte gee? Is dit 1,000 uit of is dit 10,000 uit? -- Ek sou sê dit is seker baie naby aan 10,000.

10,000 te veel? -- Ja. Tweedens praat hulle hier van 'n gemiddelde huishuurverhoging van R6,00 wat ook nie korrek is nie. Derdens sê hulle hier dat die Stadsraad is op 'n gesonde grondslag en ek weet nie of dit as rede aangevoer kan word hoekom daar nie verhogings moet wees nie, maar 'n Stadsraad wat op 'n gesonde grondslag is, beskik nie oor surplus fondse om sulke geweldige uitbreidings soos wat 'n Stadsraad verg sommer net so te finansier nie. Om die rede sê ek daar is tegniese goed wat hier ter sprake kan wees wat in die breë algemeen 'n wanindruk kan skep.

MNR. BIZOS : Die vraag was as hierdie verklaring of berig deur u werkgewer gemaak was, weerspreek dit die rede waarom dit nodig was om die huurgeld te verhoog? Stem u saam? -- Ek sou sê by implikasie sal dit so wees.

Uitdruklik so?

HOF : Kyk na die laaste paragraaf. "This is the only reason for increasing rents on council rented houses." -- Ja, indien ek na die paragraaf moet kyk, dan moet ek saamstem.

MNR. BIZOS : Is dit nie duidelik gesê dat dit die enigste rede is omdat die Lekoa Stadsraad die 1,500 werkers oorgeplaas het nie? -- Ek moet saamstem, dit is duidelik hierso. Dit is net ongelukkig so dat mense al baiekeer in die pers verkeerd aangehaal is. Daarom wil ek nie bevestig op wat die burgemeester gesê het nie.

... / Wie

Wie was gedurende Juliemaand verantwoordelik om die mense van Lekoa te verwittig wat die rede is vir die verhoging in die huurgeld? Wie was verantwoordelik? Wie was die persoon wat verantwoordelik was om vir die mense te sê daar sal 'n verhoging in die huurgeld wees en die rede daar is dit? Wie was die verantwoordelike persoon? -- Die raadslede is die verantwoordelike persone.

En bo hulle almal die burgemeester? -- Ja, hy sou seker vir sy wyk moes sê.

Nee, ons praat nou nie van wyke nie. Ons praat van in die algemeen? -- Ek is die tesourier en die vrae wat nou gevra word, dink ek sal meer in die veld val van die stadsklerk en die manne. Ek wil net sê dat elke raadslid verantwoordelik is vir die wyk wat hom gekies het.

Nee, ons praat nie van die wyk nie. Ons praat in die algemeen van die mense van Lekoa. U is 'n senior werknemer van die Stadsraad en ek vra u wie was verantwoordelik om die mense in te lig in verband met die verhoging van die huurgeld en die rede daarvoor? -- Soos ek voorheen gesê het, dit sou die raadslede wees, maar hoe die raadslede besluit om dit te doen, hang nie van my as amptenaar af nie.

HOF : BEWYSSTUK AAQ21.

MNR. BIZOS : Is u antwoord dat u nie weet wie die verantwoordelike persoon was die openbare skakelwerk van u Raad nie of u werkgewer? -- Ek weet dat die burgemeester die skakelwerk doen. Hy is in beheer van die Raad.

U sal saamstem, sal u nie, dat die Star in die Lekoa stadsgebied gelees is? -- Dit is korrek.

En sal u saamstem dat die indruk wat die mense wat die berig gelees het moes gewees het dat die rede waarom die verhoging sou plaasvind is die rede wat die burgemeester gee?

... / Ja

-- Ja, alhoewel ek nie weet hoeveel mense die Star lees in die gebied nie, sal ek dit moet toegee.

BEWYSSTUK AAQ21 is ook kennisgewing aan die mense van Lekoa dat die huurgeld verhoog sou word. -- Van watter advertensie praat u?

Ek praat nie van 'n advertensie nie.

HCF : Nee, die geleerde advokaat sê dat daar word verwys na "an average of R6,00" in hierdie bewysstuk waarmee die huurgeld verhoog sou word. Nou sê hy dit is kennisgewing aan die mense wat dit lees dat daar 'n huurverhoging op hande is. Wat sê u daarvan? -- So 'n afleiding moet gemaak word, ja. Ek wil net iets spesifiseer by daardie antwoord van my, dat dit is moontlik uit hierdie stukkie wat in die Star verskyn het dat die mense nie doodseker was van wat die bedrag was nie en dat enige bedrag hier geraai kon gewees het.

MNR. BIZOS : Ek is jammer, ek het nie die laaste deel van u antwoord gehoor nie. -- Ek wil net daarop wys dat omdat die bedrag wat gekwoteer is in die verslag nie die korrekte bedrag is nie, dat daar doodeenvoudig 'n aanname gemaak kon gewees het omdat die mense nie oor die inligting beskik het voordat die raadslede wou uitgaan nie en sommer net 'n syfer genoem het.

Dit is 10c uit, nie waar nie? -- Dit gaan om die beginsel en nie om die bedrag nie.

Stem u saam dat as die mense van Lekoa die berig gelees het, hulle onder die indruk sou gekom het dat hulle in die vroeë toekoms 'n groter bedrag aan huurgeld sou moes betaal het? -- Dit is korrek.

Het ek u getuienis so verstaan dat die berig is nooit na verwys op enige vergadering van die Stadsraad van Lekoa nie? -- Nie in een van die vergaderings wat ek bygewoon het,

... / was

was hy bespreek nie.

HOF : Woon u alle vergaderings by of woon u net vergaderings oor die begroting by? -- Ek woon raadsvergadering en uitvoerende komiteevergaderings ook by.

Normaalweg ampshalwe? -- Normaalweg ampshalwe.

MNR. BIZOS : Al die vergaderings? -- Dit is nie al die vergaderings nie, want daar is baie komitees wat ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, ons praat net van die uitvoerende komiteevergaderings en raadsvergaderings? -- Dit is korrek.

Daar is 39 raadslede, nie waar nie? -- Dit is so.

En hoeveel op die uitvoerende komitee? -- 7.

Of by die uitvoerende komitee of by die raadsvergaderings, het enige van die raadslede verwys na die bewysstuk of die berig in die Star en gesê kyk wat het ons burgemeester in die Star gesê. Wat se indruk sal dit op die mense maak. Het enige raadslid op enige vergadering na die berig verwys of nie? -- Na hierdie spesifieke berig in my teenwoordigheid sover ek kan onthou is nooit verwys nie.

As ek u getuienis goed verstaan het, het u gesê dat BEWYSSTUK AAQ19 nie gestuur was of uitgestuur was voor die 5de nie, omdat die raadslede hulle mense op die 5de wou verwittig het van die feit dat die huurgeld verhoog sou word. Het ek u goed verstaan? -- Heeltemal korrek.

Het u geweet dat dit miskien onnodig was om dit terug te hou omdat gedurende Juliemaand 'n openbare debat in die koerante was in verband met die feit dat die huurgeld verhoog sou word? -- Ek reageer net op opdragte van die Stadsraad, afgesien van wat in ander instansies gebeur en die Raad het versoek dat hierdie dokument nie moes uitgaan nie en daarom het hy nie uitgegaan nie.

... / Was

Was u teenwoordig toe daardie voorstel deur een of ander van die raadslede gemaak was? -- Ja.

Het enige raadslid of enige van hulle werknemers die Raad verwittig dat dit ŉ onnodige stap sou wees omdat in die koerante ŉ openbare debat was? -- Nee, dit is nie.

Het u enige of van enige berig geweet gedurende Julie waarin ŉ verwysing gemaak is na die verhoging van huurgeld? -- Ja, daar was verwysings gemaak, maar dit is beskou as bespiegelinge en dat die raadslede die werklike situasie na die mense toe sou oordra.

Was die vergadering van die Raad van 29 Junie toe die besluit geneem was om die huurgeld te verhoog ŉ vergadering wat vir die publiek en pers oop was? -- Alle vergaderings van die Stadsraad is oop vir die publiek en vir die pers en daar was geen besluit geneem deur die Stadsraad dat die mense nie welkom sou wees nie.

Is die antwoord ja, die vergadering van 29 Junie was ŉ openbare vergadering? -- Ja.

Het dit tot u kennis, u persoonlike kennis in die eerste plek gekom dat daar ontevredenheid was tussen die mense van Lekoa gedurende Julie toe die berigte verskyn het in die verskillende koerante in verband met die verhoging? Het dit tot u persoonlike kennis gekom of nie? -- Nee, ek was glad nie bewus van so iets nie.

Het enige raadslid of enige ander persoon by enige vergadering voor 5 Augustus melding gemaak van enige ontevredenheid van die mense in verband met die verhoging van huurgeld? -- Nee.

Hoeveel vergaderings van die Raad was daar tussen 29 Junie en einde Augustus? -- Daar is gewoonlik een gewone raadsvergadering per maand. As daar in hierdie spesifieke geval meer

... / was

was, sou dit spesiale raadsvergaderings wees en ek wil my nie graag uitspreek oor 'n syfer nou wat ek nie kan bevestig nie.

Is die datum van die gewone vergaderings van die Raad gewoonlik gedurende dieselfde week van die maand? -- Ja, hulle is gewoonlik die laaste Dinsdag van elke maand.

Was u teenwoordig by die Raad se vergadering in die laaste week van Julie? -- Ja.

Was daar enige verslag of rapport van enige ontevredenheid van die mense van Lekoa by daardie raadsvergadering? -- Nee.

Was u teenwoordig by die vergadering aan die einde van Augustus? -- Ja.

Was daar enige soortgelyke rapporte of verslae deur enige raadslid by daardie vergadering? -- Ek wil net 'n bietjie terugdelf. As ek dit nie mis het nie, het die raadslede op daardie stadium gerapporteer dat die vergaderings wat hulle gehou het op 5 Augustus, dat daar nie probleme by was nie.

So, dit is die teenoorgestelde wat ek aan u gestel het. Daar was geen verslag van enige ontevredenheid nie, maar daar was wel 'n verslag dat die vergadering op 5 Augustus goed gegaan het en dat daar was geen teken van enige ontevredenheid nie? -- Korrek.

Het u persoonlik geweet dat daar gedurende Augustusmaand 'n aantal protesvergaderings gehou was om te protesteer teen die verhoging van die huurgeld? -- Nee, ek was nie daarvan bewus gewees nie.

Het enige raadslid by enige vergadering van die Raad melding van die protesvergaderings gemaak of nie? -- Nee, nie waar ek teenwoordig was nie.

Was daar enige van hierdie soort verslae by enige

... / vergadering

vergadering van die uitvoerende komitee gemaak? -- Nee.

Voor die onluste wat ons wel weet op 3 September plaasgevind het, is daar enige kennis geneem van die beweerde ontevredenheid van die mense van Lekoa by enige vergadering van òf die uitvoerende komitee òf die raad? -- Nie sover ek kan onthou nie.

Ek wil dit aan u stel dat as u getuienis reg is, die Raad en sy werknemers hulle oë toegemaak het sowel as hulle ore in verband met die gevoelens van die mense van Lekoa? -- Ek het geen kommentaar daarop te lewer nie.

Volgens die regulasies en soos dit voorkom u baie goed ken, wat is die periode tussen die publikasie van ʼn kennisgewing van ʼn verhoging in die implementering daarvan? -- Die maak van ʼn verordening, as ek reg kan onthou, is hy dan veertien dae plus dan sewe dae.

HOF : Waar kom die veertien en waar kom die sewe in? -- Dit is veertien dae vanaf die dag wat die advertensie in die koerant verskyn dat die Stadsraad van voorneme is om tariewe te verhoog en dan word die tydperk verleng met ʼn verdere sewe dae om die mense kans te gee om die verskillende klagtes in te dien.

MNR. BIZOS : My vraag was miskien nie heeltemal duidelik nie. Van die publikasie van die kennisgewing in die Staatskoerant dat die huurgeld verhoog sal word, hoe lank voor dit implementeer kan word, moet dit in die Staatskoerant verskyn? -- Sodra hy in die Staatskoerant verskyn het, mag jy hom die eerste dag van die maand wat volg op die publikasie - mag jy die tariewe verhoog. Van daardie dag af.

HOF : Dit beteken dat as u op 1 September 1984 as aanvangsdatum vir ʼn huurverhoging wou stel, u dit alreeds in Augustus in die Staatskoerant sou moes publiseer het? -- Dit

... / is

is korrek.

MNR. BIZOS : Ek wil u vra of die huurgeld verhoog was gedurende 1983? -- Nee. Vanaf 1982 na 1983 was dit nog deur die Ontwikkelingsraad gedoen en dit is moontlik dat daar toe 'n verhoging was.

Is dit in die Staatskoerant gepubliseer? -- Nee, dit was nie in 'n Staatskoerant gepubliseer nie. Daar is 'n spesiale vergunning wat ek nie nou ongelukkig ken nie, waarop die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad hulle beroep het om hierdie huurgelde na goedkeuring deur die Minister te verhoog.

So, daar was geen publikasie in die Gazette nie? -- Nee, sover my kennis strek was daar geen publikasie in die Staatskoerant deur die Ontwikkelingsrade gedoen nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. As u sê van 1982 tot 1983, beteken dit in die boekjaar 1982/83? -- Dit is korrek.

Ons praat dus van een boekjaar? -- Een boekjaar.

MNR. BIZOS : Van 1977 af tot die begin van 1984, dra u enige kennis of daar ooit enige publikasie van 'n verhoging van die huurgeld was of nie? -- Ek dra geen kennis van so 'n publikasie nie.

HOF : U het nou vir ons vertel dat daar 'n advertensie moet wees van 'n voorneme om te verhoog. -- Ja, dit is die regulasies van die Stadsrade vervat.

Nou wil ek weet, was daar so 'n regulasie voorheen gewees? Moes daar voorheen ook 'n advertensie wees van 'n voorneme om te verhoog of is dit 'n nuwe ding? -- Ek weet werklikwaar nie. Ek kan u nie antwoord nie.

MNR. BIZOS : Het u ooit gehoor van enige beslissings van ons howe dat enige verhoging van huurgelde wat nie in die Gazette gepubliseer is nie ongeldig is? Het u dit ooit gehoor? -- Ek is nie bewus van so 'n beslissing nie.

... / Was

Was u verantwoordelik vir die publikasie in die twee koerante wat die regulasies vereis? -- Praat ons nou net van die advertensie?

Ja, die advertensie? -- Dit word gedoen deur die Departement van die Stadsekretaris na die besluit van die Raad.

Weet u wanneer en in watter koerante die advertensie gepubliseer was? -- As my geheue my nie in die steek laat nie dink ek dit was The Daily Mail en Die Vaderland.

Kan u vir ons die datum gee? -- Soos ek voorheen gesê het, het ek ongelukkig daardie dokument nie by my nie. Ek kan nie onthou wat die datum daarvan was nie.

Ek wil u vra, dit sal vir u miskien nodig wees met die Hof se toestemming om sekere dokumente te bring as u terugkom, maar ek wil op BEWYSSTUK AAT(2) u aandag vestig.

HOF : Dit is die dokument met die opskrif "Opgesomde inkomste rekening 1984/85".

MNR. BIZOS : Dit is Bylae B(2) volgens u verwysing. Ek wil u asseblief vra om vir ons te sê onder watter item op bladsy 1 van AAT(2) die salaris en/of die lone van die 1,500 mense waarvan die burgemeester melding was dit verskyn? Onder watter hoofde daardie bedrae verskyn? -- As ons kyk net onder die opsomming daar, daar staan "Hoofomskrywing", is die eerste punt daar "Salaris, lone en toelae." Dan is hy verdeel in die verskillende Raad en hoof uitvoerende beampte, bestuursadministrasie, finansies, vennootskapsdienste, tegniese dienste en daardie salarisse is versprei onder al daardie punte.

Wat ek wil weet is, as die syfers nou beskikbaar is, hoeveel van die Raad se geld aan die 1,500 mense gegaan het of sou gegaan het volgens die begroting?

HOF : Stem u saam met die getal 1,500? -- Ek kan nie die getal bevestig nie. Na my mening is dit plus-minus 'n duisend

... / mense

mense wat oorgegaan het op daardie stadium, maar al daardie mense se salarisse is begroot onder hierdie item .

MNR. BIZOS : Onder watter item? -- Onder "Salaris,lone en toelaes".

Ek kan dit nie verstaan nie. Ek sien hier "Bestuursadministrasie" dit is amper R1,5 miljoen.

HOF : Waar is u nou? Ek dink u is verkeerd. Die besturende administrasie is R2,8 2267 miljoen.

MNR. BIZOS : Kyk ons na dieselfde ding?

HOF : Dit is wat ek wonder. Wat is u opskrif?

MNR. BIZOS : Opgesomde inkomste rekening.

HOF : Ja, as u kyk onder bestuursadministrasie "management administration", onder die woord "Management" staan 282 267.

MNR. BIZOS : O, ek sien. Ek is jammer. Ek het dit verkeerd gelees. Ek het net die "expenses" gelees. Wat ons wil weet is, wat is die bedrag wat aan salaris en lone betaal is en wat se werk daardie mense doen? -- Om so 'n vraag te antwoord sal ek volle werkspapiere van die mense in die hande moet kry saam met die organigram om te kan aandui watter bedrag in watter afdeling en onderafdeling daardie salaris voorsien is aan die mense.

Ek sal u vra om daardie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit kan nie gedoen word nie, mnr. Bizos. Kan dit gedoen word in hierdie verdaging tussen vanmiddag en môreoggend?

MNR. BIZOS : Wel, as dit nodig is.

HOF : Hoe is dit moontlik?

MNR. BIZOS : As dit nodig is.

HOF : Hoeveel werk is dit, mnr. Matthysen? — Dit is 'n absolute taak van onmoontlikheid om dit uit te kry in so 'n kort tydjie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Miskien kan ek dit met 'n vragie net

... / vir

vir mnr. Bizos ophelder hier. Mnr. Matthysen, die totale uitgawes aan salarisse en lone, as ek dit nou reg het, is sê nou maar amper R7 100 000,00? -- Dit is heeltemal korrek.

Van daardie bedrag is die grootste twee bedrae gespandeer aan salarisse en lone in verband met tegniese dienste en gemeenskapsdienste. -- Dit is heeltemal korrek.

Dit is R5,25 miljoen en R1,10 miljoen. -- Dit is korrek.

Dus, van die R7 miljoen is daar R6,35 miljoen gespandeer aan tegniese dienste en gemeenskapsdienste? -- Dit is korrek.

Wat se soort dienste is dit? Wat maak die mense wat daar werk? -- Onder gemeenskapsdienste kry ons al die dorpsbestuurders van die verskillende gebiede, die klerke wat by hulle werk. Dan is daar ook die vullisverwyderingspanne, die asspanne en onder tegniese dienste is al die instandhoudingspanne, dit is riool, water, elektrisiteit. Al die mense is onder tegniese dienste.

MNR. BIZOS : In hierdie klassifikasie onder watter deel is die mense wat die instromingsbeheer hanteer? -- Dit is glad nie vervat in hierdie begroting nie, omdat hulle mense is wat vir die Ontwikkelingsraad werk en niks te doene het met die Swart Stadsraad of met die Stadsraad nie.

Is daar nie instromingsbeheermense wat in die kantore van die Stadsraad werk nie? -- Nee, daar is geen sulke mense nie.

Ek sal die bedrag van R7 miljoen - van daardie R7 miljoen hoeveel is net vir administrasie? Ek praat nie van die tegniese mense nie, net van die administrasie? -- Dit is 'n baie moeilike vraag om op hierdie stadium te antwoord. Die administrasie is nou ingesluit onder die verskillende hoofde hier en 'n aparte uittreksel sal gemaak moet word om te sê wat die koste van die administrasie was omdat die Raad uit

... / verskillende

verskillende departemente bestaan en elkeen se onderhoofse administrasie daar is.

Maar gedurende die raad se begroting, het een of ander van die raadslede nie gevra of dit nou moontlik is om die administrasie van Lekoa makliker te maak en miskien een of ander van die persone wat administratiewe werk doen nie oor te neem nie? -- Dit is baie in die verlede gesê dat die mense moet voluit oorkom na die Stadsraad van Lekoa toe.

Is dit gedurende die debat gesê? -- Nee, dit is nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek dink u praat nou bymekaar verby. U vra vir die getuie of daar 'n besparing kon gewees het deur sekere van die mense nie oor te neem nie en die getuie sê vir u dat dit baie in die verlede al gesê is dat alle mense moet oorkom na die Raad toe, wat die teenoorgestelde is.

MNR. BIZOS : Wel, ek wil 'n antwoord op my vraag hê. -- 'n Mens het 'n sekere aantal mense nodig vir doeltreffende administrasie.

Maar het enige persoon 'n oefening probeer maak of al die mense in die administrasie nou nodig was of nie en miskien die R7 miljoen net R5 miljoen maak? Dan is daar 'n R2 miljoen besparing in die administrasie. -- Ek kan net meld dat die organigram van die Stadsraad is bepaal deur die Departement van Samewerking en Ontwikkeling se O en M Departement. Hulle het die ondersoeke gedoen voordat die organigram daargestel is.

HOF : Dit is die werkstudie-afdeling? -- Dit is die werkstudie-afdeling.

MNR. BIZOS : Wie se besluit was dit om die getal mense van die Raad na die Stadsraad se sekondeer? -- Dit was die Stadsraad se besluit.

... / Die

Die Stadsraad s'n? -- Ja.

Wanneer was daardie besluit geneem? -- Na die totstandkoming van die Raad was daar die funksies wat oorgeneem moes word deur die Stadsraad, is toe per verslag voorgelê aan die Raad en hulle het besluit dat die mense moet oorkom.

Wanneer was dit? -- Ek beskik nie oor die datum nie.

Gedurende die debat oor die begroting, het enige raadslid gevra hoe die persentasie wat aan administrasie spandeer gaan word vergelyk met die persentasie van ander Stadsrade, byvoorbeeld Sowetoof Port Elizabeth of Kaapstad? -- Nie een van die raadslede het dit versoek nie.

U het melding gemaak van 'n sekere verslag as gevolg van 'n ondersoek deur twee here wie se name u genoem het?

HOF : Hitchey en Matthee. -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Is daardie verslag beskikbaar? -- Alhoewel ek hom nie by my het nie, is hy beskikbaar.

Sal u dit asseblief hof toe bring? -- Ja.

Is die verslag van prof. Van der Walt beskikbaar? -- Hy behoort ook beskikbaar te wees, ja.

Sal u dit asseblief bring. Is notule geneem gedurende die debat van die begroting by die uitvoerende komitee se vergadering en by die raad se vergaderings? -- Ja.

Is daardie notule beskikbaar? -- Ja.

Sal u dit asseblief bring. Asook die advertensies in die koerant. Na die onluste is daar 'n verslag aan u gegee oor hoe om die ongelukkige gebeurtenis in die toekoms te probeer vermy? -- Ek verstaan die vraag nie ten volle nie.

Na 3 September is daar enige verslag aan u Raad gegee oor hoe om voort te gaan in die toekoms as u in die Raad of u en die Raad die huurgeld wil verhoog? -- Ek dink dit is taamlik duidelik uit die protes wat gekom het van 3 September.

... / Ek

Ek vra u of u bewus was van enige verslag wat aan u gegee was?

HCF : Het iemand 'n verslag ingedien waarin julle vertel is hoe julle in die toekoms moet optree as julle die huur verhoog? -- Nee.

MNR.BIZOS : U dra geen kennis daarvan nie? -- Nee.

Sal u asseblief ondersoek instel of daar so 'n verslag is?

HCF : Mnr. Bizos, u kan nie getuies vra om dinge te doen nie. U is hier om getuies te kruisondervra. U kan hulle nie opdragte gee om opdragte te gaan uitvoer nie.

MNR. BIZOS : Ek is jammer.

HCF : As die getuie u van hulp wil wees staan dit hom vry, maar hy is onder geen verpligting om dit te doen nie. U moet ook 'n bietjie oppas dat u nie in dieselfde posisie beland as die klein seuntjie wat te veel op sy bord geskep het en dit toe nie kon opeet nie.

MNR. BIZOS : Ek sal probeer om dit te vermy. Sal u asseblief as u die dokumente het vir ons die werkspapier bring wat sal aandui hoeveel u Raad vir mense wat in die administrasie van die Raad werk ... (Hof kom tussenbei)

HCF : Kan ons net duidelikheid hier kry. Wat bedoel u met administrasie? Kyk, tegniese dienste het 'n afdeling wat werklik met die werk besig is, wat die skroewe hanteer en dit het 'n afdeling wat opskryf welke skroewe hanteer is. Dieselfde geld vir gemeenskapsdienste en so kan 'n mens aangaan. Wat is administrasie?

MR BIZOS : If I may be permitted to explain so that we do not have unnecessary documents.

COURT : You need not explain it to me. Explain it to the witness.

MNR. BIZOS : Dokumente wat die mense wat in die kantore van

... / die

die administrasie werk en niks met die tegniese werk in die Lekoa Stadsraad te doen het nie.

HCF : Maar dit is nog nie vir my duidelik nie. Die mense wat met die finansies doenig is, soos hierdie persoon, is hy lid van die administrasie?

MNR. BIZOS : Hy is.

HOF : En die mense wat die huur invorder?

MNR. BIZOS : Hulle is lid van die administrasie.

HOF : En die persone wat die elektriese meters gaan lees?

MNR. BIZOS : Dit weet ek nie, maar in elk geval ... (Hof kom tussenbei)

HCF : Dit is deel van die administrasie.

MR BIZOS : May I explain it in a language where I am not in a disadvantage. Administration to accountants has a clear meaning, which may have to be explained to us. I am not asking for these documents without any purpise. We want a percentage of the funds of the Board for administration. If there are grey areas, obviously will have to be taken into consideration by accountants.

COURT : Are you meaning overhead costs as against running costs? That type of thing?

MR BIZOS : That type of thing, because any growing concern classifies its expenditure in various ways and I may say not in my experience in the manner of this document. It may be necessary to break it up.

COURT : Yes, but we must first find out what this will entail. It may entail a month or two's work, because these people have got a certain method and a certain system, and if you want to do it the other way round, it takes ages to get the computer going again.

MR BIZOS : No, we merely want the working papers. If the

working papers on which these figures have been arrived at ... (Court intervenes)

COURT : Are you entitled to the working papers? Are they public documents? Because if they are not, he cannot make them available to you without a decision by the council.

MR BIZOS : With respect ... (Court intervenes)

COURT : He is merely an employee of the council.

MR BIZOS : But with respect, if a document is accessible to an employee, there is no reason why - it does not require the Board's authority to bring the document to court. It is no different to the sales manager of a company and I submit with respect that Your Lordship will make a short shift of any sales manager who says that he has not got a resolution of his Board to bring a disputed invoice book to court.

COURT : Unless you tell me that is very necessary, that we can debate.

Vertel my, mnr. Matthysen, as die advokaat wil hê dat u uitmekaar moet haal wat is oorhoofse koste en wat is nie oorhoofse koste nie, wat sal dit behels? -- Op die huidige stadium is dit 'n redelike groot oefening wat herhaal sal moet word. Die werkspapier is nie eintlik 'n amptelike dokument nie. Hy word nie beskou as 'n amptelike dokument nie. Daarom word hy nie bewaar nadat die begroting eintlik goedgekeur is nie en die dokumentasie wat nog beskikbaar is, is my gevoel dat ek in elk geval die Raad se goedkeuring sal moet hê om dit voor te lê aan die advokaat.

Maar as u nou die goedkeuring van die Raad het oor al die dokumentasie, hoeveel werk behels dit om die vraag te beantwoord van die advokaat? Hy wil weet hoeveel is administratiewe koste en hoeveel is die res? -- Dit is 'n groot taak want ek sal dan moet gaan op die stadium van 1984/85, ons sal

... / moet

moet teruggaan na die organigram toeeen ons sal na die personeelrekords toe moet gaan om te kyk die mense wat daar aangestel was.

Nee, u moenie vir my sê dit is 'n groot taak nie. Ek wil weet vat dit 'n dag, vat dit 'n uur, vat dit 'n week, vat dit 'n maand? Wat kos dit aan koste vir die Raad om so amptenare daarmee besig te hou. Ek wil net 'n idee kry, dan kan ek verder handel met die probleem? -- Dit is drie mense voltyds aan die taak toegesê vir twee weke, minimum.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan ons net vaneffe se vrae aanvul met twee verdere verduidelikings. Die eerste twee items op die voorblad van die stukke "Raad en hoof uitvoerende beampte" R237 000,00? -- Dit is korrek.

Is dit vir die Lekoa Stadsraad self? -- Dit is vir die Lekoa Stadsraad.

En die hoof uitvoerende beampte? -- Dit is die Stadsklerk plus sy sekretaresse.

Met ander woorde, dit is nou die raadkompleks? -- Dit is korrek.

En dit is wat u vir hulle begroot? -- Dit is korrek.

Sluit dit al hulle salarisse in? -- Dit sluit al hulle salarisse in.

En al hulle koste? -- Dit is korrek.

Wat is die bestuursadministrasie? -- Dit is die Stadsekretaris se afdeling wat behels die regsafdeling.

HCF : Is daar 'n bladsy waar dit op staan? -- Dit is 'n opsomming van 'n klomp bladsye. Daar is die personeelfunksie. Dit is op bladsy 12. Administratief is die Stadsekretaris en sy sekretaresse. Dan is daar die staf, dit is die personeelfunksie wat deur hulle behartig word.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Sluit dit ook die salarisse van die

... / werkers

werkers in? Ek bedoel die personeelfunksie, sluit dit ook die personeeldienste ten opsigte van die werkspanne en so meer in? -- Dit is eintlik hulle koste, ja.

En die finansies, is dit die tesourie-departement? -- Dit is die tesourie-departement wat opgedeel is in 'n begrotingsafdeling, finansiële state.

MR BIZOS : May I make it clear, I do not ask the witness to do any accounting work himself.

COURT : No, Mr Bizos. You have got two documents here, AAT(1), which is a capital document. You have got AAT(2) which is a very, very thick and extensive document. You have not even gone through it and you ask the witness to do some further work. You can do your own homework as far as I am concerned, it is extensive enough. If you can indicate to me that it is not extensive enough, then you can tell me why and where and you can ask the witness questions to explain it, but as far as I am concerned you can go through it and then come back and tell me what is wrong with it. I am not going to ask this witness to do two weeks' work on something that may well be AAT(2).

MR BIZOS : I will accept Your Lordship's suggestions and if it is necessary to look at any other documentation in obtaining information, we will try to do it by consent with Our Learned Friends and not to worry Your Lordship, because quite obviously it is going to run into the proposed adjournment and Your Lordship is correct, but we did not have an opportunity of studying the document and if it were a civil case, we would have surely been entitled to an opportunity to study it, but we do not want to take up time. I will leave it at that and I will appeal to My Learned Friends in due course to do it by consent so that we do not worry Your Lordship on this

... / basis

basis if it is necessary.

Die feit dat daar 'n lening sou wees, is dit van die buiteland af? -- Nee, dit is nie van die buiteland af nie.

Is daar enige aansoek gedoen om die lening te kry? -- Die naam van die Stadsraad word geplaas op 'n leningsprogram by die tesourie van die Staat.

Is die aansoek gedoen? -- Ja.

Wanneer was dit gedoen? -- Dit is gedoen na die begroting goedgekeur is. Dan kom daar 'n dokument van die tesourie af wat voltooi moet word vir die leningsprogram wat voorsien word, die lenings wat die Raad sal opneem, wat die Stadsraad sal opneem in 'n betrokke jaar.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor die lenings. Ek kan begryp dat as 'n Stadsraad 'n lening wil aangaan, hy goedkeuring van tesourie daarvoor moet kry. Dit is seker korrek, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Dit geld vir alle Stadsrade? -- Ja.

Is dit dan 'n lening wat u by die Staat aangaan of is dit 'n openbare lening wat deur die Staat onderskryf word? -- Dit kan 'n lening by die Staat wees. As die Staat fondse beskikbaar het in hulle gemeenskapsbou of gemeenskapsontwikkeling, dan stel die Staat lenings beskikbaar, anders kan dit gebeur dat jy self uitgaan op 'n effekte-uitgifte om die betrokke fondse in die hande te kry teen so 'n lae rentekoers as wat moontlik is en daar verlaat die Stadsraad hom baie op die advies wat gegee word deur instansies soos banke en die mense.

En as u nou by die Staat leen, leen u teen markverwante koerse of leen u teen 'n lae koers? -- Nee, dit is gewoonlik teen 'n lae koers.

MNR. BIZOS : Wat was die Raad van plan om te doen? Om 'n lening van die Staat te kry of van 'n private bron ? -- Waar

... / eksterne

eksterne lenings gespesifiseer is, is daar projekte waar jy nie by die Staat kan aansoek doen vir sulke lenings nie en daar doen jy nou aansoek by ander munisipaliteite, net waar jy die beste koers kan kry.

Wat was die besluit in verband met hierdie lening? Of was daar geen besluit nie? -- Daar was nie 'n spesifieke besluit geneem in hierdie verband nie, omdat elke projek, soos hy aangepak word, moet weer per verslag na die Raad toe gaan en dan word die bron van finansiering in die verslag aangedui en dan besluit die Raad na watter ... (getuie voltooi nie die sin nie)

Was daar enige program bespreek in verband met wanneer sal hierdie lening beskikbaar geword het? -- Die enigste dokumentasie wat ons daar kan voorlê is dat Lekoa Stadsraad opgeneem was in die leningsprogram vir sekere kwartale in die finansiële jaar deur die tesourie.

Kan u vir ons 'n datum gee, wanneer sou u verwag het dat die lening goed keur sou word? -- Soos ek voorheen gesê het, dit is nie net een lening nie. Die Stadsraad vat nie een lening vir al die projekte nie, omdat daar baiekeer van die projekte is wat nie uitgevoer word of kan word op daardie stadium nie en hulle vat elkeen van die items soos begroot en op daardie stadium besluit die Raad oor die bron van finansiering.

HOF : Sal dit dan wees dat vir elke projek daar 'n lening aangegaan word? -- Dit werk gewoonlik so dat vir 'n spesifieke projek word daar 'n spefisieke lening aangegaan.

MNR. BIZOS : Wat was die volle bedrag wat uiteindelik geleen sou word? -- Ek verwys u daar na bladsy 5 "Summarised capital budget". Die eksterne lenings was R14 850 100,00. Op hierdie stadium van die begroting soos ... (getuie voltooi nie

... / die

die sin nie)

Hoeveel maande of jare sou dit geneem het om die hele bedrag te ontvang? -- Indien die volle leningskoste in een jaar aangegaan word deur 'n groot kapitale projek soos elektrifisering waarvoor R8 miljoen of R13 miljoen voorsien was, kan hy deur middel van 'n effekte-uitgifte opgeneem word en hy is betaalbaar soos die effekte-uitgifte op daardie stadium bepaal. So, dit is moontlik dat 'n groot lening in een jaar opgeneem kan word of 'n aantal klein leninkies van verskeie instansies.

Was daar enige besluit of dit een jaar, twee jaar, drie jaar of vyf jaar sou neem? Of die R8 miljoen in een jaar of in vyf jaar opgeneem sou word? -- Daar moet ek my weer laat lei deur die kapitaalbegroting agter in daardie spesifieke begroting waar dit uitgespel is vir die mense wat die verwagte koste is, die finansiële bron, die aantal jare en dan die verwagte rentekoers ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Op watter bladsy kom dit voor?

HOF : Bladsy 1 tot 8 van die Capital Budget Fixed Assets, onder die item "Period years".

MR BIZOS : It is quite obvious that we will have to study these documents.

HOF : U is gevra om 'n verslag te bring van mnre. Hitchey en Matthee en 'n verslag van prof. Van der Walt. Ek begryp goed dat as u nou terugkom in Vereeniging of Vanderbijlpark waar u woon, dit te laat sal wees om by die kantoor aan te gaan. Is daar 'n manier waarop u die verslag kan kry telefonies sodat dit by u huis afgelewer word dat ek nie môreoggend weer hier sit en wag as ek met die hof wil begin nie? -- Ja, ek kan telefonies met die mense in verbinding tree.

Sal u dit asseblief reël, want ek wil stiptelik om 09h00 begin môreoggend? -- Ek maak so.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 27 MAART 1986.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-8-55**
*Document Title:-* **Vol 55 p 2806-2851. Witness: Matthysen**